Kommunikaatjie
Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 51 Nr 23 21 Junie 2026

# Die Here Roep

Roeping is baie meer as net ‘n gevoel. Roeping is ‘n opdrag van die Here. Dit geld nie net vir apostels, profete en evangeliste nie, maar vir elke gelowige. God roep ons tot verlossing. Hy roep ons tot redding. Maar verloste kinders se roeping strek verder as net om gered te word. Ons word geroep as ouers, as eggenote, in ons werk, in die gemeente, in die koninkryk. Op elke plek en op alle tye word ons geroep as getuies van God se genade en verlossing, om te getuig van die hoop wat in ons is. (1 Petrus 3:15)

Roeping is ook om gestuur te word. Daar was baie dissipels wat Jesus gevolg het, maar slegs 12 van hulle word apostels genoem, dit beteken om gestuur te word. Hulle taak is baie spesifiek: om hulle toe te spits op gebed en die bediening van die Woord (Handelinge 6:1-4).

So versamel Christus sy kerk. Hy stuur geroepe dienaars om die evangelie te verkondig. *Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Hoe kan hulle Hom dan aanroep in wie hulle nie geglo het nie? En hoe kan hulle in Hom glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder een wat preek? En hoe kan hulle preek as hulle nie gestuur word nie? Soos geskrywe is: Hoe lieflik is die voete van die wat die evangelie van vrede verkondig, van die wat die evangelie van die goeie verkondig!* Romeine 10:13-15

Ons gemeente gaan nou ‘n nuwe opwindende fase in waar ons ‘n nuwe predikant gaan beroep. Tog is dit nie net die gemeente wat “*demokraties*” met meerderheid van stemme die beste kandidaat kies nie, maar God wat ons biddend lei deur die Heilige Gees om die geroepe dienaar te stuur wat Hy aan hierdie gemeente wil gee.

Vervolg op bl 8...

# *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

Telefoon: **012 664 2614**
*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*

Basdenlaan 226
Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: **Vandag**: Hersiening Les 1 - 13, Ps 91-1:6

**KLEUTERKLAS**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.
*(Janneke Wessels – 071 898 5900)*

## Dienspersoneel

| Datum | Wyk | Oudl Afr Diens | Oudl vir Afkondigings | Diaken | Klank | Projektor | Video Uitsending |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 21-Jun | A10 | | Pieter Wolmarans | Thys Maree | Nicolai vd Merwe | Hein Kaiser | Gert Reinecke |
| 28-Jun | A11 | Hannes Holtzhausen | Leon Lourens | Tiaan Venter | Hein Kaiser | Johan Hoogenboezem | Ronell Hoogenboezem |

## KOLLEKTES

Vandag: **Spesiale Kollekte** (tydens erediens )

Volgende week: **Barmhartigheid**

Vandag: **Kerkkas** (by die deure)

Volgende week: **Kerkkas**

**Kerk se bankbesonderhede:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

**Inbetalings vir die Diakonie:**
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

**Inbetalings vir die Susters:**
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

**Maandelikse bydraes dmv EFT**—Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur bevestigende epos aan admin@gkcenturion.co.za

# Verjaarsdae

## Belydende lidmate

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21 Jun. | Pierre | Struwig | C13 | 0826887495 |
| 22 Jun. | Alwyn | Kotzé | A16 | 0837431858 |
| | Elzabé | Malan | C14 | 0824663643 |
| | Bennie | Viljoen | B15 | 0714746942 |
| 23 Jun. | Francois | Pieters | C07 | 0798763033 |
| | Arina | vd Westhuizen | C15 | 0795125575 |
| | Christi | Venter | C06 | 0829401555 |
| 24 Jun. | Ben | du Plessis | C01 | 0721241076 |
| | Hester | vd Merwe | B06 | 0713822573 |
| 25 Jun. | Tom | Kruger | B08 | 0834882863 |
| | Anne-Marie | Loots | A08 | 0823773551 |
| | Anja | van Dyk | A14 | 0645390117 |
| 26 Jun. | Jannie | Klopper | C05 | 0848900872 |
| | Rudolf | Marais | A18 | 0766400531 |
| | Gerhard | Maritz | C11 | 0647285538 |
| 27 Jun. | Johan | Pretorius | A06 | 0824443740 |
| | Riaan | Prinsloo | B11 | 0663576844 |
| | Karin | Schoeman | C07 | 0765112151 |

## *Dooplidmate*

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 21 Jun. | Novaleigh | Aucamp | A13 | 0731640713 |
| 24 Jun. | Louis | Deist | B15 | 0724136860 |
| 25 Jun. | Adam | vd Berg | A05 | 0826402571 |
| 27 Jun. | Mienkhe | Kok | C13 | 0828562614 |

# Ons gee om vir Mekaar

***"...God ontferm Hom oor ons."*** *Ps. 116:5*

- Johan Kruger sterk aan in die hospitaal (B1 – 0823868986).
- Cesilia du Plessis sterk aan na prosedure (A7 – 0739425533).

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

# Geluk



Erna Olivier en JP le Riché wat op 27 Jun in die huwelik bevestig word.

## *Alethea Outreach 11:00*

Like us on facebook:
https://www.**facebook**.com/
aletheaministry/
Prop Paul Smit

## J a g - v i r - j o u - K e r k

*Die jagseisoen is oop!!*

Ondersteun Ollie en skenk 'n bok vir die Kerk. Pa-seun, Pa-dogter jagters kan ook die projek ondersteun. Ons betaal vir die verwerking (droëwors).

Skakel Tjaart vd Walt –
082 824 2933

**Bernina @ Saxby**—Verkope van alle Bernina en Bernette naaldwerkmasjiene en omkap-masjiene. Diens en herstel van alle fabrikaat naaldwerk-masjiene. Dalena Kruger 072 974 2728.

**Huiskontrakteur** – herstel/waterdigting van dakke; oopmaak van rioolstelsels, verfwerk; herstel/installering van plaveisel; teëlwerk; herstel van waterlekke; staalwerke; saag/verwydering van bome; installeer solar-drukpomp op watertenks, omskakeling van geyser na sonkrag; installasie van gastoestelle. Hennie vd Walt 082 927 4326.

**Verkoop u, u huis?** Onthou dit is u Verkoper se keuse om die prokureur aan te stel. Ek sal u graag daarmee wil help. Ook testamente en boedels. Pieter Wolmarans Prokureurs 083 949 88 99.

**Betroubare huishulp Ma, Di, Do en Vrydae**-Maria Mthimunye 079 808 6614 (Verwysing Martie Vilas 071 683 0348).

Soek jy 'n lekker kuier-plek???? **Oppi Stoep Gastehuis** bied aan:- Pensionaris ontbyt op Woensdae van 10:00 tot 13:00 (bespreek asb). Lokaal vir:- werkswinkels, verjaarsdagfunksies, huweliksherdenkings, re-unies. Skakel Johan Wiegand 082 498 6314.






# PROFIEL VIR BEROEPING VAN PREDIKANT

Gemeente, hier is die voorgestelde profiel vir die moontlike beroeping van 'n predikant:

Dit moet 'n persoon met die volgende eienskappe/kwaliteite wees:

1. Liefde vir GOD en die Woord, suiwer verkondiging en bereid wees om te groei in sy bediening en liefde vir die gemeente.
2. Gebalanseerd funksioneer tov verskeidenheid van gawes op die vlakke van prediking, huis- en hospitaalbesoek asook veranderinge binne die gemeente wat bedieningspatrone betref.
3. Bereidwillig om op praktiese en emosionele vlak, die jeug/jongmense te bedien.
4. Praktiese prediker- struktuur, tema en gefokus.
5. Behoudend gereformeerd en tog vernuwende (skrifgetrou) om hedendaagse kwessies aan te spreek.
6. Inskakel by huidige bedieningsstyle.
7. Betrokke wees by Alethea-bediening.
8. Weens die profiel van die gemeente, word voorgestel dat die ouderdom van die predikant **ongeveer 35-50 moet wees**.

Bykomende kriteria:

1. Reeds een gemeente bedien.
2. Tussen 3-5 jaar by bestaande gemeente.
3. Getroud met/sonder kinders.
4. Eggenote betrokke wees in gemeente.

**LW. Agv die tyd beskikbaar, is die afsny-datum vir benoemings Sondag 19 Julie 2026**

**Gebruik skakel om voorstelle deur te gee:**
https://forms.gle/dQPBJ1kb9ZmNAC4F8

## Benoemingsvorm vir beroep groslys

**Naam / Name vir Predikant groslys:** ______________________

______________________

**Huidige gemeente:** ______________________

Motivering:

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

______________________

### *Susters: gee gerus jou naam op!*

Ons Susters het 'n span wat elkeen 'n mamma met 'n nuwe baba besoek. Die bedoeling is om die nuweling welkom te heet en 'n geskenkie, wat die Susters voorsien, dan aan die mamma te oorhandig. Uiteraard kry elkeen op die lysie 'n beurt om so 'n besoek te doen. Teen die pas wat nuwe babas in ons gemeente arriveer, beteken dit dat elkeen omtrent een beurt in 18 maande kan kry. Indien jy voel dit val in jou kraal, kontak asb vir Phia 082 541 6388.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**21 Junie**

Liesel Badenhorst C3

Leandre Struwig C4

Geen tee gedurende die Julie skoolvakansie!



## Plastiekdoppies

Ons gemeente wil graag deel wees van die bymekaarmaak van plastiese doppies.

Die uiteinde is dat ons bydraes iemand kan help om 'n rolstoel te kry.

Bring jou plastiekdoppies in 'n plastieksak kerk toe en gooi dit in die houer op die stoep.

Dink solank aan 'n oulike naam vir die projek en stuur jou voorstel per Whatsapp aan Cornea v Niewenhuizen. Teen volgende nagmaalnaweek sal die naam bekendgemaak word.

Vir enige navrae WhatsApp Cornea v Niewenhuizen 064 532 6804

**GKC-Projekte** het 'n *Chamberlains* Handelskaart vir die gemeente bekom. Hoekom vertel ons dit vir u?

Wel, ons versoek u om telkens wanneer u aankope by *Chamberlains* doen, hierdie kaartnommer vir die teller sal gee. Sodra 'n totaal van R20 001 vir die jaar op hierdie kaartnommer gedoen is, word 'n bedrag gelykstaande aan 'n sekere persentasie van die totale transaksies aan GKC-Projekte betaal. Op hierdie manier probeer ons om op 'n gerieflike manier fondse in te samel vir instandhoudingsprojekte en dít sonder dat dit u ekstra geld kos! Oulik nê…

'n Foto van die kaart sal op GKC Gemeente Kommunikasie WhatsApp-groep geplaas word vir u gebruik.

Navrae: Tjaart vd Walt 0828242933







## B Y B E L S K O O L


**4 Aug – 8 Sept 2026**

**Sprekers :** Dr Douw Breed, Ds Cassie Aucamp,

Ds Maarten van Helden, Ds Lourens Venter, ens.

**Tyd en plek:** Dinsdae 19:00-20:30, GK Centurion

**Kostes:** R200 pp, studente & kinders slegs R100 pp




Betaal in kerk rekening met *naam* en "*Bybelskool*" as verwysing

Kontak persoon: Christi Venter: 082 940 1555

... vervolg van bl 1

Ons kerkorde reël in artikel 5 hierdie proses, dat Waar ʼn bedienaar van die Woord van een kerk na ʼn ander binne die kerkverband beroep word, geskied dit soos volg:

**ten eerste**, die verkiesing deur die kerkraad en die diakens na voorafgaande gebede, met onderhouding van die reëling wat daarvoor plaaslik in gebruik of deur die kerkraad vasgestel is, en van die algemene ordinansies vir die beroepbaarheid van diegene wat buite die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika gedien het, en verder in kerke met slegs een bedienaar van die Woord, ook met advies van die klassis [65] of van die konsulent wat hiervoor deur die klassis aangewys is;

**ten tweede** die goedkeuring deur die lidmate van die betrokke kerk as daar, nadat die naam vir minstens drie Sondae in die kerk afgekondig is, geen wettige beswaar ingedien is nie;

**ten derde**, die kontrolering deur die kerkraad saam met die klassikale deputate van die goeie kerklike getuienis ten opsigte van leer, lewe en ampsbediening en van die losmaking;

**ten laaste**, die openlike bevestiging voor die gemeente volgens die formulier wat daarvoor vasgestel is.

Mag ons as gemeente, die vreugde ervaar van God se roeping, dat Hy self roep en stuur, en dat ons saam biddend tot die troon van genade sal nader en Hy ons gebede sal verhoor.

Lourens (VDM)

# Liturgiese Riglyne

## SONDAGOGGEND 09:00

## God se Getuienis is Groter

**Skriflesing:**
1 Johannes 5:1-21
(2020)

**Teksvers:**
1 Johannes 5: 9-10

**Sing:**
Ps. 75:1,4
Ps. 61:1,4,6
Ps. 119:1,11,13
Ps. 132:1,5,8,10
Sb 13-3

Ds Lourens Venter

Ons het in die vorige deel uit vers 4 die wonderlike vertroosting van ons geloof gehoor, waardeur ons deel kry aan die genade van ons Here Jesus en die oorwinning in Hom. Hierdie oorwinning is alleen deur die geloof in Jesus Christus.
Hy is die Seun van God wat red. Dit is die getuienis van die Woord van God, die blye evangelie wat opgeskryf is deur mense. Nie net die 4 evangeliste nie, ook die 12 apostels getuig van Jesus as die Christus. En tog, die getuienis van God is groter! Maar wat sal dit beteken?

## SONDAGAAND 18:00

## Christus het neergedaal na die hel

**Skriflesing:**

Efesiërs 4:6-10;
Filippense 2:5-10;
Jesaja 53:6,10;
Markus 15:34;
Lukas 23:42-43,46;
Johannes 19:30
(2020)

**HK:** Sondag 16

**Sing:**
Ps. 148:1,4
Ps. 22:1
Ps. 20:1,4
Ps. 116:1,2,3,10
Sb. 13-3

Ds Lourens Venter

Die apostoliese geloofsbelydenis se bewoording volg nie in 'n chronologiese volgorde as dit gaan oor die lyding van ons Here Jesus nie, maar eerder 'n verdieping in die lyding.

Met ander woorde: Jesus se menswording, sy geboorte uit Maria, sy lyding en dood word nie gevolg dat Hy "*neergedaal het na die hel*" asof Hy hel toe is na sy dood nie. Daarom ook dat ons die bewoording verander het na: *Hy het die lyding van die hel ondergaan*.

Maar wat beteken dit?